Verwysing: 20160316-8858
13/16/8/B
Navrae: M Benn

Kaapse Onderwys-en-leierskapinstituut-minuut: 0001/2016

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Kurrikulumadviseurs, en Prinsipale van alle gewone openbare skole

**Onderwerp: Jaarlikse Provinsiale Taaloplossingskonferensie – 28 en 29 Junie 2016**

1. Die Kaapse Onderwys-en-leierskapinstituut (KOLI) nooi graad R tot 7-taalopvoeders uit om óf as aanbieders óf deelnemers aan die Taaloplossingskonferensie deel te neem.

2. **Doel**

Die doel van hierdie Taaloplossingskonferensie is om praktiese voorbeelde van strategieë te voorsien waarop taal doeltreffend onderrig kan word.

3. **Datum, tyd en plek**

Die konferensie sal Dinsdag, 28 Junie 2016, vanaf 08:00 tot 15:00 en Woensdag, 29 Junie 2016, vanaf 08:00 tot 14:00 by die Kaapse Onderwys-en-leierskapinstituut, Nuwe Nooiensfonteinweg, Kuilsrivier plaasvind.

4. **Inligting vir aanbieders**

4.1 Opvoeders wat belangstel om 'n taallesing, 'n referaat oor taalonderrig of 'n "beste klaskamerpraktyk" -werksessie by die konferensie aan te bied, moet deur die volgende gelei word:

- Die lesing, referaat of "Hoe ek onderrig" -werksessie moet op die Nasionale Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklarings (KABV) vir graad R tot 7 gebaseer wees.

Nooiensfonteinweg, Kuilsrivier 7580
tel: +27 21 900 5000 faks: +27 21 900 5027
Veilige Skole: 0800 45 46 47
Privaatsak X14, Kuilsrivier 7579
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

- Die lesing moet 'n aspek van die taalkurrikulum vir 'n bepaalde fase dek.
- Konferensiedeelnemers moet by die lesing of werksessie betrek word, d.w.s. dit moet op 'n interaktiewe manier aangebied word.
- Tydsduur: 60 minute. Laat 5 – 10 minute toe vir groepbespreking of vrae.
- Lokale sal toegerus wees met 'n oorhoofse projektor, interaktiewe witbord en 'n blaaibord met papier. Lokaalmeubels sal gereël word om groepsaanbiedinge vir 'n maksimum van 30 deelnemers per lokaal te fasiliteer.
- Aanbieders moet alle werkblaaie vir die konferensie voorberei en aan KOLI voorlê. Alle werkblaaie sal saamgestel en in boekvorm gedruk word. Dit beteken dat aanbieders nie addisionele afskrifte van gedrukte materiaal hoef saam te bring nie, tensy daar van deelnemers verwag word om bladsye of werkblaaie te sny of te vou. Die sperdatum vir die indiening van werkblaaie by KOLI is 06 Mei 2016, sewe weke voor die aanvang van die konferensie.
- Indien moontlik, moet alle gedrukte materiaal getik en elektronies aangestuur word. Die KOLI sal die materiaal dupliseer.

4.2 Die konferensie is ook op soek na aanbieders wat "beste praktyk" vir die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie in die onderrig en leer van taal in die klaskamer kan deel, insluitende aanbieders wat praktiese voorbeelde van maniere kan voorsien waarop taal (Afrikaans, Engels en Xhosa) doeltreffend in 'n diverse klaskamer onderrig kan word.

4.3 Voltooi asseblief die aangehegte **Bylaag A** indien u belangstel om 'n aanbieding by die konferensie aan te bied en stuur dit teen Vrydag, 06 Mei 2016, terug aan me M Benn by faksnommer 086 614 5151 of e-posadres Magdelena.Benn@westerncape.gov.za

4.4 'n Inligtings- en opleidingsessie vir alle aanbieders sal op 28 Mei 2016 plaasvind.

5. **Inligting vir deelnemers**

5.1 Opvoeders wat graag die konferensie as deelnemers wil bywoon, word versoek om hul besonderhede op die inskrywingsvorm, **Bylaag B** te voltooi.

5.2 Die voltooide Bylaag B moet teen Vrydag, 13 Mei 2016 teruggestuur word aan me P Tutani by e-posadres Phelokazi.Tutani@westerncape.gov.za of faksnommer 021 900 5013 /5027 / 5162 / 086 614 5581.

5.3 **Die inskrywings sluit sodra die eerste 300 deelnemers ingeskryf het.**

**6. Logistiek**

Deelnemers of aanbieders van landelike onderwysdistrikte wat meer as 120 km per retoerrit aflê, mag op die aande van **Maandag, 27 Junie 2016 en Dinsdag, 28 Junie 2016** by die Kaapse Onderwys-en-leierskapinstituut se koshuis oornag.

7. Die KOLI vertrou dat hierdie konferensie vir alle bywonende taalopvoeders verrykend sal wees.

**GETEKEN:**B K SCHREUDER
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:**2016-04-08